# Familie Tuisblad

DINK JEUG Families

**Prioriteite**

## 1 Begin hier

Volgens 'n studie deur die Barna groep oor Gen Z jonmense is hulle top prioriteite: om gelukkig te wees, genoeg geld te hê, gesond te wees, en goeie verhoudings te hê. Een van die verrassings is dat jongmense egter ook wil leef met 'n doel, met God wil "connect" en 'n verskil wil maak.

Watter dinge is vir jou baie belangrik? Deel met mekaar wat jy op jou lys van prioriteite sal plaas.

## 2 Lees

**Lukas 12: 13-21**
**Kol 3:2-3 (DB)**

Laai die **DinkJeug Familie App** gratis af vir daaglikse huisgeloof oordenkings.

Google Play:

Apple iStore:

## 3 Gesels

- Lees die gelykenis van die ryk dwaas en vertel dit oor in julle eie woorde.
- Wat staan vir julle uit?
- Hoekom het Jesus hierdie storie vertel?
- Lees nou Kol 3:2-3 in die Boodskap vertaling (jy kan dit aanlyn vind by bible.com)
- Waaraan herinner Jesus vir julle oor wat belangrik moet wees vir gelowiges?

## 4 Bid

Maak 'n lys van vroue wat julle ken wat werk doen waarin hulle onreg aanspreek of 'n verskil maak aan nood. Bid vir hulle.

## 5 Doen

Vind meer uit oor **Vrouedag** en hoekom ons dit vier. Vra vir die ouer persone in jou familie of hulle enige vroue ken / geken het wat dit 'n prioriteit gemaak het om verkeerdhede reg te stel, diensbaar te wees of 'n verskil te maak. Vertel ook watter vroue vandag jou inspireer.